

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING: SLEUTEL ASPEKTE EN 'N FINANSIËLE STRATEGIE VIR CHRISTELIKE AFRIKAANSE PRIVAATSKOLE IN NAMIBIË

5.1 INLEIDING

Christelike Afrikaanse Privaatskole speel sedert onafhanklikheid 'n belangrike rol in die onderwysvoorsiening in Namibië. Hoewel die skole 'n baie klein persentasie van die totale aantal skoolgaande leerlinge in die land huisves, voorsien die skole alternatiewe onderwys ten opsigte van staatsonderwys. Sodoende is die onderwysbasis in die land verbreed.

Uit gesprekke met skoolhoofde blyk dat hulle dikwels tydens bemarkingsaksies venyn en teenstand ondervind. Die reg van die ouer om sodanige skole tot stand te bring is nietemin in die land se Grondwet gewaarborg. Die Onderwyswet, in ooreenstemming met internasionale ooreenkomste en handveste van menseregte, waarborg eweneens die reg van die individu op vrye keuse, ook ten opsigte van die oprigting en onderhoud van privaatskole volgens die individu se geloofsoortuigings en behoeftes aan moedertaalonderrig.

In die media word dikwels na private onderwys as 'n duur opsie verwys. Die vraag het ontstaan of dit werklik so 'n duur opsie is, en indien wel, wat maak dit so 'n duur opsie? Aangesien geen inligting hieroor ten opsigte van Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië in die literatuur bestaan nie, is 'n ondersoek met behulp van 'n vraelys uitgevoer ten einde 'n kennisbasis saam te stel. Hieruit het 'n persoonlike onderhoud met twee skoolhoofde van Christelike Afrikaanse Privaatskole in die land gevolg waartydens op die finansiële bestuur van die skole gefokus is. Uiteindelik het hierdie dissertasie van beperkte omvang dit ten doel om 'n bruikbare finansiële strategie vir skoolbestuurders van privaatskole daar te stel.

5.2 OORSIG VAN DIE DISSERTASIE

Hoewel dit uit die literatuur blyk dat daar wêreldwyd groter belangstelling in private onderwys is, soveel so dat daar selfs na verwys word as een van die snelgroeiendste besighede op die vasteland van Afrika (afdeling 2.2.5), is daar bykans geen literatuur oor Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië beskikbaar. Die enkele dokumente wat opgespoor is, is meer op die VCAO (Vereniging vir Christelike Afrikaanse Onderwys) gerig. Ten einde 'n bydrae tot die studieterrein van private onderwys te lewer, is in hierdie studie gefokus op die finansiële bestuur van die privaatskole.

Hoofstuk een bevat 'n uiteensetting van die doel en struktuur van die navorsing, asook die probleemstelling, subprobleme, doel en doelstellings. 'n Kort beskrywing van die navorsingsmetodiek en die moontlike waarde van die studie is ook in hierdie hoofstuk gegee.

Hoofstuk twee sluit 'n oorsig van die literatuur en die teoretiese agtergrond van die studie in. Hierdie oorsig sluit aspekte in soos die definiëring van Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië, privaatonderwys as 'n alternatiewe maar duur opsie, die skoolfonds in privaatskole en die finansiële bestuur van privaatskole.

Hoofstuk drie bevat 'n bespreking van die navorsingsmetodiek. Die navorsingsontwerp, -metodes en -instrumente wat gebruik is word belig.

Hoofstuk vier bied die resultate van die navorsing en 'n bespreking van die resultate. Die terugvoering op die vraelys asook die persoonlike onderhoud word hierin uiteengesit, ontleed en bespreek.

Die finale hoofstuk sluit die studie af met 'n samevatting van die studie. Sleutel aspekte van die navorsing word saamgevat en 'n moontlike finansiële strategie vir Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië word aangebied.

5.3 SAMEVATTING VAN SLEUTEL ASPEKTE

Hierdie afdeling vat enkele sleutelaspekte wat in hierdie navorsing na vore gekom het, saam.

5.3.1 Privaatskole – 'n definisie

Die term "privaat skole" verwys na skole wat deur individue, organisasies, maar veral godsdiensgroepe of kerke besit en bestuur word en as sodanig onafhanklik van enige vorm van staatsfinansiering staan. Terwyl daar deesdae in die meeste lande ruim voorsiening gemaak word vir staatsubsidies aan privaatskole, is dit nie die geval met die Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië nie. Hierdie skole bied ook moedertaal onderrig aan in 'n land waar die amptelike taal Engels is. Die filosofie van die skole is op die Christelike Gereformeerde (Calvinistiese) lewensbeskouing gegrondves.

5.3.2 Privaatskole – 'n gegewe

Wêreldwyd word privaatskole as 'n belangrike komponent, of dan alternatief, van die onderwysvoorsiening in 'n land gesien. Ook in Namibië speel Christelike Afrikaanse Privaatskole sedert onafhanklikheid 'n belangrike rol waardeur die onderwysbasis in die land verbreed is. Die reg van die ouer om sodanige skole tot stand te bring is in die land se Grondwet sowel as die Onderwyswet gewaarborg.

Verskeie internasionale ooreenkomste waarborg eweneens die reg van die individu op vrye keuse, ook ten opsigte van die oprigting en onderhoud van privaatskole volgens die individu se geloofsoortuigings en behoeftes aan moedertaalonderrig.

5.3.3 Privaatskole – 'n duur opsie

Privaatskole word in vergelyking met staatsonderwys allerweë as 'n duur opsie beskou. Op die oog af wil dit so voorkom, maar daar moet in gedagte gehou word dat 'n privaatinstantie, in die geval die ouers, nou alles moet voorsien wat in die staatsopset deur die staat voorsien word. Hiervan is die enkele grootste uitgawe

personeeluitgawes terwyl die daarstel van voldoende fasiliteite ook 'n groot las op die ouers plaas. Daar bestaan verskeie moontlikhede om die kostes so beskostigbaar moontlik te hou en groot fondsinsamelingsaksies word geloods om die begrotings te laat klop. Dit ten spyte, bly private onderwys te duur vir die meeste ouers.

Hierteenoor sit private skole ook met die dilemma dat sekere uitgawes aangeaan moet word en dat die fondse nie altyd voldoende is nie, ten spyte van die oënskynlike hoë skoolfonds. 'n Middeweg om beskostigbare onderwys so effektief moontlik aan te bied sonder om standarde te laat daal, lyk na die oplossing.

5.3.4 Privaatskole – skoolfonds

Verskeie bronne bied goeie inligting ten opsigte van die skoolfonds wat deur verskillende private skole in Suid-Afrika gevra word. Weereens is daar geen inligting in die literatuur oor die Namibiese skole beskikbaar nie. Dit is opvallend dat daar 'n baie groot variasie in die skoolfondsbedrae tussen verskillende privaatskole voorkom. Die gevestigde privaat skole vra baie meer as byvoorbeeld die Gereformeerde Kerkskole wat in die afgelope aantal jare tot stand gekom het.

5.3.5 Privaatskole - finansiële bestuur

Geweldige groot eise word aan die finansiële bestuurders van privaatskole gestel. Deeglike kontrole en beheer oor die implimentering van begrotings is uiters noodsaaklik en bied groot uitdagings aan die innoverende skoolhoof. Die bestuurder moet uiters kreatief te werk gaan in die ontwikkeling van idees vir fondsinsamelingsaksies. Die skoolhoof is ook die finansiële bestuurder van die skool en is saam met die Beheerliggaam ten nouste betrokke by elke aspek van die skool se finansies.

5.4 'N FINANSIËLE STRATEGIE VIR CHRISTELIKE AFRIKAANSE PRIVAATSKOLE IN NAMIBIË

Samevattend, gegrond op die inligting verkry uit die vraelyste en persoonlike onderhoude, kan die volgende finansiële strategie vir Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië aangebied word:

- Die Beheerliggame van privaatskole is aanspreeklik teenoor die ouers en oorhoofs verantwoordelik vir die finansiële bestuur van die skole. Die skoolhoof is die uitvoerende bestuurder en tree ook as die finansiële bestuurder op.
- Die aanstelling van 'n finansiële administrateur wat die totale administrasie rondom skoolfinansies hanteer behoort ernstig oorweeg te word.
- Die skoolhoof en die personeel stel die bedryfsbegroting, dit is onderhoud en instandhouding, volgens 'n gedesentraliseerde stelsel as volg saam:
 - onderrigverwante uitgawes deur die skoolhoof en die onderwysers;
 - koshuisverwante uitgawes deur die skoolhoof en die superintendente;
 - kombuis uitgawes deur die skoolhoof en die matrone.
- Kapitale uitgawes word deur die tesourier op die Beheerliggaam begroot.
- Die skoolhoof beheer en kontroleer die implimentering van die bedryfsbegroting met die Beheerliggaam oorhoofs in beheer, terwyl die tesourier die kapitale begroting beheer en kontroleer.
- Maandelikste skriftelike verslae word aan die skoolhoof en die tesourier voorgelê vir hantering met die Beheerliggaam.
- Tydens ouervergaderings word skriftelike verslae aan die ouers voorgehou.
- Die implimentering van die begroting word op 'n maand-tot-maand basis aan die hand van finansiële state evalueer.
- 'n Interim begroting word gebruik vir aanpassings of regstellings op die begroting.
- Skoolfonds word binne redelike perke van die bedryfsuitgawes deur die Beheerliggaam bepaal, hoewel ouers geleentheid vir insette gegun word.
- Skoolfonds behoort die totale bedryfsuitgawes te dek.
- Betaling geskied op verskillende wyses hetsy kontant, per tjek of per aftrek- of debietorder op 'n maandelikse, kwartaallikse, halfjaarlikse of jaarlikse basis. Afslag kan vir eenmalige betalings gegee word.

- Alle skoolfondsbetalings word by die sekretaresse, die finansiële administrateur of direk in die bankrekening gedoen.
- Deeglike finansiële beleid, ook ten opsigte van die invordering van agterstallige skoolfonds, moet opgestel en met die ouers hanteer word.
- Fondsinsamelings moet slegs met die oog op projekte of ontwikkeling gedoen word en behoort nie deel van die begroting uit te maak nie.
- Fondsinsamelings staan kollektief onder beheer van die Beheerliggaam en die skoolhoof en alle ouers, leerlinge en personeel behoort hierby betrokke te raak.
- Enkele groot fondsinsamelingsprojekte wat op die gemeenskap buite die skoolgemeenskap fokus, is verkieslik bo talle klein projekte.
- Die skoolhoof van privaatskole het as finansiële bestuurder presies dieselfde bestuurstaak as die skoolhoof van enige ander skool.
- Diegene wat met 'n privaatskool wil begin, moet klein begin met so min as moontlike kapitale uitleg, en dan geleidelik uitbrei. Soos die getalle groei, so ook die strukture.
- Beding vir goeie onderwysers en bied aan hulle markverwante salarisse met byvoordele.

5.5 VERDERE NAVORSING

Daar is elf Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië. Hierdie navorsing wat onderneem is, is van beperkte omvang sodat dit nie moontlik was om in diepte met almal te skakel nie. Die studie het ook net op 'n deel van die private onderwys in Namibië gefokus.

Daar bestaan derhalwe leemtes/moontlikhede wat deur verdere studies aangespreek kan word. Enkele van die moontlikhede vir verdere navorsing is:

- 'n vergelykende studie met die groot aantal privaatskole, hoofsaaklik kerkskole, wat reeds voor onafhanklikheid bestaan het;
- 'n vergelykende studie met privaatskole wat staatsubsidies ontvang;
- 'n vergelykende studie tussen privaatskole wat Afrikaans as onderrigmedium het en privaatskole wat nie Afrikaans as onderrigmedium het nie.

- 'n vergelykende studie met soortgelyke privaatskole in ander lande.
- bemarking van privaatskole as 'n instrument om finansiële probleme die hoof te bied.